

Saterdag 12 Maart

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:1-14 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Efesiërs 1:4

Skoon gewas en eenkant gesit

Is jy heilig? Ons sê gewoonlik: Nee! Want ons verstaan “heilig” in ’n negatiewe sin van “skynheilig”. En ons wil nie “skynheilig” wees nie. Maar God sê: Ons is heilig!

Hoe het ons *heiliges* geword? God het ons *voor die grondlegging van die wêreld in Hom (Christus) uitverkies*. God die Vader wil dat elkeen wat Hy uitverkies het, *heilig en onberispelik voor Hom* sal wees. *Heilig* beteken hier om sonder vlek te wees, om totaal skoon te wees. God wil die uitwerking wat die sondeval en sonde op ons het, heeltemal verwyder. Hy wil die werk van die duiwel geheel en al vernietig, want sonde is die werk van die duiwel (1 Joh. 3:8). Daarom het die Vader sy eie Seun gegee om al ons sonde – al ons onheiligheid – op Hom te neem. Hy het dit alles aan die kruis betaal. Ons word skoon gewas deur die bloed van Christus!

Heilig beteken ook om afgesonder te wees, om net aan God alleen te behoort. Hy het *elkeen* wat deur Jesus se bloed skoon gewas is, *éenkant gesit* om nou en vir altyd net aan Hom alleen te behoort! Jesus het ons só silwerskoon gewas *om sonder gebrek voor Hom (God die Vader) in liefde te wees*. God het ons lief! Daarom het Hy ons volmaak skóón gewas deur die bloed van Christus.

Ons moenie die woorde *voor Hom* miskyk nie! Die woorde beteken iets soos: vlak voor Hom, voor sy oë. Wanneer Hy na ons kyk met sy oë wat alles sien – en sy oë kyk diep en skerp – dan sien Hy niks verkeerd in ons nie! Want Jesus het ons volmaak skoon gewas!

Is jy *heilig*? Ja! Gaan lewe dan elke dag soos Jesus jou deur sy bloed gemaak het – *heilig en sonder gebrek voor Hom*.

Sing: Skrifberyming 33 (2-4):2, 3

Ds. AP Krüger (Abraham) (Wolmaransstad)